Luckhoffstraat, Durbanville, 7550 | Posbus 43, Durbanville, 7551
**Tel:** 021-975-1125 **Faks:** 086-665-9546
**E-pos:** admin@dvprep.co.za | **Web:** www.dvprep.co.za

*Trap vir trap vir 60 jaar!*
*Step by step for 60 years!*

1966-2026

Voorbereidingskool
**DURBANVILLE**
Preparatory School

# RUGBY / NETBAL / HOKKIE

**8 April 2026**

Beste Ouers,

Na 'n baie suksesvolle 1ste kwartaal van somersport, sien ons uit na ons skool se wintersportprogram.

Eerste op ons winterprogram het ons die baie gewilde Onder 9 rugby- en netbaltoer na die Suid-Kaap. Voorbereiding vir hierdie toer het baie goed verloop. 'n Besige tyd lê voor met netbal-, hokkie- en rugbywedstryde wat deur die kwartaal gespeel gaan word. Rugbywedstryde word hoofsaaklik op Saterdagoggende gespeel met hokkie- en netbalwedstryde gedurende die week en sommige Saterdae. Ons is bevoorreg om baie spanne te hê en probeer om elke leerder die geleentheid te bied om aan wedstryde deel te neem.

Maak asseblief u kind vertroud met al die relevante inligting wat nodig is vir hom/haar om die onderskeie sportsoorte wat by die skool aangebied word, te geniet. Lees asseblief hierdie inligtingsbrief aandagtig deur om te verstaan hoe ons wintersportprogram werk. Ouerondersteuning is vir ons belangrik en ons moedig u aan om ons wedstryde in ware Durbie-gees te ondersteun. Winterskolesport begin op 8 April met hokkie-oefeninge. Rugby- en netbaloefeninge sal op die 13de April begin.

## KODE VIR 'N GOEIE TOESKOUER

Toeskouers behoort te onthou dat kinders aan sport deelneem vir hulle plesier. Onthou om……

- Alle spelers positief aan te moedig
- Beslissings deur skeidsregters en wedstrydbeamptes te eerbiedig
- NOOIT enige speler, beampte, mede-toeskouer of afrigter verbaal aan te val of af te kraak nie / Te weet ons is slegs besig met 'n spel – dit is nie 'n oorlog nie !

**OUERS MOET ASB. ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE TYDENS OEFENINGE OP DIE BANKIES LANGS DIE NETBALBANE OF NABY DIE HOKKIE ASTRO OF SPORTVELD SIT NIE. DIT TREK DIE KINDERS SE AANDAG AF EN BEMOEILIK AFRIGTING.**

Leerders sal na die onderskeie oefen areas vergesel word deur opvoeders / afrigters. **Onder 9 oefeninge** – daar is 'n redelike lang wag tydperk vir hierdie leerders. Ouers word derhalwe vriendelik versoek om leerders na skool op te tel en weer af te laai vyf minute voor die oefeninge begin. Die skool se Nasorg toesighouers sal toesien dat Nasorg leerders na hulle oefeninge vergesel word.

*Spelers speel streng volgens ouderdom. Spelers wat in 2019 gebore is - 0/7. 2018 gebore – 0/8 en 2017 gebore- 0/9.  Spelers wat in 2016 gebore is, neem deel by Laerskool Durbanville*

*AFLAAI EN OPTEL PUNTE :*

RUGBY : TIENIE LOUW SPORTVELD ( HEK C1 in LINDENBERGWEG )

NETBAL : ALLE GRADE :  SKOOLHEK 6

HOKKIE : TIENIE LOUW SPORTVELD ( HEK D OP LINDENBERGWEG )

**KLEREDRAG ( NB ! Gr1 - 3 ou of nuwe skooldrag is aanvaarbaar )**

**RUGBY - Oefeninge**: Skool sporthempie en blou oefenbroekie

**Wedstryde**: Rugbytrui en blou oefenbroekie

**NETBAL - Oefeninge**: Skool sporthempie en blou oefenbroekie, kouse en tekkies

**Wedstryde**: Wedstryddrag vir alle netbaldogters (beskikbaar by Laerskool Durbanville klerewinkel)

**HOKKIE - Oefeninge**: Skool sporthempie, blou oefenbroekie, kouse en tekkies. GEEN "studded'skoene

**Wedstryde**: DOGTERS : soos netbaldrag met lang sokkies

SEUNS : soos rugbydrag met lang sokkies

*Kleredrag verkope : ( te koop by Laerskool Durbanville klerewinkel )*

* Ons doen 'n vriendelike beroep op u om rugbytruie wat te klein geword het skool toe te stuur sodat ons 'n truie-bank kan opbou. Sweetpakbroeke is nie toelaatbaar tydens wedstryde nie.
* **Geen** oorbelle ( nie 'studs' / ringetjies ) of horlosies word toegelaat nie.
* Onthou asb **SONBLOK** ten alle tye.

## OEFENTYE

### *RUGBY – ( Tienie Louw sportveld )*

| | | |
|---|---|---|
| GRAAD 1: | MAANDAE EN DONDERDAE | 13:15 – 14:00 |
| GRAAD 2: | MAANDAE EN DONDERDAE | 14:00 – 14:45 |
| GRAAD 3: | MAANDAE EN DONDERDAE | 14:45 – 15:30 |

### *NETBAL – ( netbalbane )*

| | | |
|---|---|---|
| GRAAD 1: | MAANDAE EN DONDERDAE | 13:15 – 14:00 |
| GRAAD 2: | MAANDAE EN DONDERDAE | 14:00 – 14:45 |
| GRAAD 3: | MAANDAE EN DONDERDAE | 14:45 – 15:30 |

### *HOKKIE – ( Tienie Louw sportveld )*

| | | |
|---|---|---|
| GRAAD 1: | MAANDAE EN WOENSDAE | 13:15 – 14:00 |
| GRAAD 2: | MAANDAE EN WOENSDAE | 14:00 – 14:45 |
| GRAAD 3: | MAANDAE EN WOENSDAE | 14:45 – 15:30 |

**IN GEVAL VAN REëN VOOR SPORT, 'N KANSELLASIE SMS SAL UITGESTUUR WORD TEEN 12:15**

INDIEN DIT **BEGIN ReëN TYDENS 'N OEFENING**, SAL DIE NETBALSPELERS IN DIE SKOOL SAAL EN RUGBY EN HOKKIESPELERS IN DIE TIENIE LOUW SENTRUM GEAKKOMODEER WORD **TOTDAT DIE OEFENTYD VERSTREKE IS**. LET ASB. DAAROP DAT HIERDIE REëLING NIE SAL GELD INDIEN SPORT AFGESTEL WORD NIE, MAAR SLEGS INDIEN DIT GEDURENDE 'N OEFENING BEGIN REëN.

Spelers word aan die begin van 'n seisoen geëvalueer en oefengroepe word daarvolgens gedoen. Daar vind deurlopende evaluering plaas gedurende die seisoen en gevolglik kan spanindelings van wedstryd tot wedstryd verander. Elke speler wat gedurende sy/haar week 'n wedstryd het, sal op *Dinsdae* via die sport-spesifieke Whatsapp-kanaal in kennis gestel word. Kennisgewings vir Saterdagwedstryde sal op Donderdae op dieselfde kanaal geplaas word. Let asb. daarop dat spelers 20 minute voor die aanvang van wedstryde by die betrokke veld moet aanmeld. Wees asb. stiptelik, aangesien 'n ander speler in u kind se plek geplaas sal word indien hy nie betyds is nie. Neem ook asb kennis, indien u kind siek is en nie by die skool is op n Vrydag, dan mag hulle nie speel op die Saterdag.

Dit gebeur soms dat opponente nie dieselfde aantal spanne as ons beskikbaar het nie. Gevolglik sal van ons spanne nie elke week 'n ligawedstryd kan speel nie. Ons poog egter om aan soveel as moontlik spelers die geleentheid te bied om wedstryde te speel. Interne wedstryde word ook gereel van tyd tot tyd. Indien u kind nie aan die wedstryd kan deelneem waarvoor hy gekies is nie, moet u asb. so gou moontlik die skool in kennis stel, sodat 'n plaasvervanger gereël kan word.

**VERVOER**: Ons skool het <u>geen skoolbus nie</u>. Spelers wat by <u>**Durbanville Voorbereidingskool Nasorgsentrum**</u> is, kan vir wegwedstryde gedurende die week reel om 'n moontlike geleentheid te kry met spanmaats. Indien u van hierdie reëling gebruik wil maak moet u die sportkantoor betyds in kennis stel. Maak asseblief seker dat u kind vertroud is met u reëlings. **GEEN** onderwyser of afrigter mag leerders vervoer. **Indien u kind 'n ander nasorg bywoon, moet u self vervoerreëlings tref. Maak asb. seker u kind weet presies wie hom / haar oplaai na oefeninge en wedstryde.**

<u>***INDIEN U KIND BESLUIT OM N SPORTSOORT TE SPEEL SAL DAAR VAN HOM / HAAR VERWAG WORD OM ELKE OEFENING BY TE WOON VIR DIE DUUR VAN DIE SEISOEN.***</u>

<u>***Sien asb bepalings hieragter***</u>

# WINTER SPORT BEPALINGS

| *DATUM* | *TEEN* | *PLEK* |
|---|---|---|
| **KWART 2 & 3** | **NETBAL, HOKKIE WEDSTRYDE** | **Soos per bepalings** |
| **9 - 11 APRIL** | **ONDER 9 NETBAL EN RUGBYTOERE** | **SUID KAAP** |
| **15 APRIL** | **ONDER 9 RUGBY TEEN LS EVERSDAL** | **TUIS** |
| **21 APRIL** | **LS EVERSDAL ONDER 9 RUGBYDAG** | **WEG** |
| **22 APRIL** | **RUGBY TEEN VS HAMILTONS** | |
| **29 APRIL** | **RUGBY TEEN LS KENRIDGE** | **WEG** |
| **6 MEI** | **RUGBY VS DESTINATOS** | **WEG** |
| **8 MEI** | **NETBALL, RUGBY, HOCKEY VS BRACKENFELL PS** | **TUIS** |
| **15 MEI** | **HOCKEY TEEN SEUNSKOOL PAARL** | **WEG** |
| **16 MEI** | **RUGBY TEEN SEUNSKOOL PAARL** | **TUIS** |
| **21 – 23 MEI** | **FAIRCAPE NETBAL NAWEEK** | **TUIS** |
| **22 MEI** | **HOKKIE EN RUGBY TEEN BISHOPS – ONDER 9** | **TUIS** |
| **28 MEI** | **NETBAL EN RUGBY TEEN LS EIKESTAD** | **WEG** |
| **29 MEI** | **HOKKIE TEEN LS EIKESTAD** | **WEG** |
| **30 MEI** | **VOORBEREIDINGSKOOL DURBANVILLE RUGBYDAG** | **HOERSKOOL DVILLE** |
| **6 JUNIE** | **RUGBY TEEN SACS – ONDER 9** | |
| **10 JUNIE** | **SEUNSKOOL PAARL RUGBYDAG** | **WEG** |
| | **LS PAARL GIM HOKKIEDAG** | **WEG** |
| **18 JUNIE** | **LS PAARL GIM NETBAL EN RUGBYDAG** | **WEG** |
| **20 JUNIE** | **VOORBEREIDINGSKOOL PRET NETBALDAG** | **TUIS** |
| **24 JULIE** | **HOKKIE TEEN LS PAARL GIM** | |
| **25 JULIE** | **NETBAL EN RUGBY TEEN LS PAARL GIM** | |
| | **LS MONTE VISTA HOKKIEDAG** | **WEG** |
| **5 AUG** | **NETBAL EN RUGBY TEEN LS VAN RIEBEECKSTRAND** | **WEG** |
| **6 – 8 AUG** | **ONDER 9 HOKKIETOER** | **SUID KAAP** |
| **11 – 15 AUG** | **LS GENE LOUW SPORTWEEK** | **WEG** |

| | | |
|---|---|---|
| **18 AUG** | **VOORBEREIDINGSKOOL HOKKIEDAG** | **TUIS** |
| **21 AUG** | **HOKKIE TEEN LS BASTION** | **TUIS** |
| **22 AUG** | **NETBAL EN RUGBY TEEN LS BASTION** | **TUIS** |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

**** LW - Hierdie program is onderhewig aan verandering**

***INDIEN U KIND BESLUIT OM AAN 'N SPORT DEEL TE NEEM SAL DAAR VAN HULLE VERWAG WORD OM ELKE OEFENING BY TE WOON VIR DIE DUUR VAN DIE SEISOEN.***

**M. SENGER** — **A. MOSTERT**

**SPORT DEPARTEMENT** — **SKOOLHOOF**